# ATKV Woordveertjies 2026



## Prys vir Dramateks

REGLEMENT

### 1. Doelstelling

Die Prys vir Dramateks word toegeken aan 'n ongepubliseerde en beskikbare dramateks wat tussen 1 Januarie 2025 en 31 Desember 2025 voltooi is.

### 2. Omskrywing van prys

- Slegs inskrywings waarvan die teks taalkundig goed versorg en afgerond is, sal aanvaar word.
- Die teks moet toneelaanwysings insluit, indien nodig. Bedrywe en toneelwisselings moet duidelik aangedui word.
- Tekste moet minstens 60 minute lank wees, maar nie langer as 90 minute nie.
- Geen vertaalde, verwerkte of herskepte tekste sal in aanmerking kom nie. Werk moet oorspronklik wees.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie en 31 Desember van die voorafgaande jaar voltooi is. Tekste wat in voorafgaande jare ingeskryf is, kom nie in aanmerking nie.
- Werk in die volgende genres mag ingeskryf word: drama, komedie, klugte, tragedie en tragikomedie. Radiodramas, kabarette, musiekblyspele, revues en pantomimes kwalifiseer nie vir hierdie prys nie.
- Werk moet oorwegend Afrikaans wees.

### 3. Pryse

Die wenner ontvang R25 000 en 'n ATKV-Woordveertjie.

### 4. Hoe om in te skryf

- Daar mag 'n maksimum van drie dramatekste per individu ingeskryf word.
- Vul die inskrywingsvorm volledig in en e-pos/koerier die inskrywingsvorm saam met die dramateks na die ATKV.
- Indien die dramateks koerier word, vul die inskrywingsvorm in en sluit vier eksemplare van die dramateks in.
- Verpak en versend die dramatekste en inskrywingsvorm in een koevert of houer per inskrywing. Gebruik 'n afsonderlike koevert of houer vir elke afsonderlike inskrywing.
- Indien die inskrywing nie volledig is nie, sal dit gediskwalifiseer word.

**Sluitingsdatum: Maandag 1 Junie 2026**

### 5. Inskrywings

**Rig u inskrywing aan:**
Jeanné Naudé
Organiseerder: ATKV-Prys vir Dramateks
**Straatadres:** Surreylaan 348, Ferndale, Randburg 2194
**Tel.:** (011) 919 9088
**E-posadres:** jeannen@atkv.org.za

- Besonderhede oor hierdie prys en die inskrywingsvorm verskyn op die webwerf by www.atkv.org.za.
- NB: Wanneer u 'n inskrywing per koerier stuur, skakel asseblief met die organiseerder sodat die ATKV bewus is van die inskrywing.
- Finaliste sal in kennis gestel word sodra die beoordeling afgehandel is.

### 6. Reëls van die kompetisie

- Daar is geen inskrywingsgeld nie.
- Inskrywings moet gegrond wees op werk wat tussen 1 Januarie 2025 en 31 Desember 2025 voltooi is.
- Geen vertaalde, verwerkte of herskepte tekste kom in aanmerking nie.
- Vorige wenners mag weer inskryf.
- Kundiges in die veld tree as beoordelaars op.
- Elke inskrywing word in sy geheel beoordeel en nie net dele daarvan nie.
- Die ATKV behou die reg voor om in samewerking met die beoordelaarspaneel 'n finale beslissing te maak wanneer daar vanweë die reëls of praktyk van die kompetisie onsekerheid of 'n uitsondering ontstaan.
- Die beoordelingsproses word streng deur die ATKV gekontroleer.
- Die beslissing van die beoordelaars is finaal. Geen korrespondensie sal tydens of na afloop van die kompetisie oor die uitslag gevoer word nie.
- Die ATKV kan pryse weerhou na gelang van die gehalte van die inskrywings en op aanbeveling van die beoordelaars.
- Slegs een wenner word aangewys.
- Die ATKV behou die reg voor om beeld- sowel as oudiomateriaal van die weninskrywings tydens die ATKV-Woordveertjies te gebruik.
- Geen materiaal van inskrywings sal teruggestuur word nie.
- Deelnemers onderneem om hulle neer te lê by alle kompetisiereëlings, wat ook mediaskakeling insluit.
- Oortreding van die reëls van hierdie kompetisie of onvolledige inskrywings kan lei tot die diskwalifikasie van die inskrywing.
- Die ATKV behou die reg voor om die kompetisie enige tyd op te skort of te beëindig indien omstandighede dit noodsaak.
- Tekste wat ingeskryf word, mag dalk in samewerking met die skrywer gepubliseer word.

**Navrae: Jeanné Naudé**
**Tel.: (011) 919 9088**
**E-posadres: jeannen@atkv.org.za**

ATKV

ATKV **Woordveertjies** 2026



# Prys vir Dramateks

## INSKRYWINGSVORM

| SKRYWER | | | |
|---|---|---|---|
| Naam en van: | | | |
| Kontakpersoon: | | | |
| Kontaknommers: | W: | Sel: | |
| | | Faks: | |
| E-posadres: | | | |
| Posadres: | | | |
| | | | |
| | | Kode: | |

| | |
|---|---|
| Naam van teks: | |
| Kort beskrywing waaroor die teks handel: | |

Ek, ______________________, het al die reëls gelees en aanvaar die voorwaardes.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Handtekening: | | Datum: | J J J J M M D D |

**NB: Inskrywings moet uit werk bestaan wat tussen 1 Januarie 2025 en 31 Desember 2025 voltooi is. Die inskrywingsvorm en dramateks kan per koerier of e-pos gestuur word. Indien dit per koerier gestuur word, moet vier eksemplare van die dramateks saam met die inskrywingsvorm ingestuur word.**

ATKV